LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

29-07-2019

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 25 VIR 2019

Datum	AKTIWITEIT	WAAR
Saterdag, 3 Aug	Klipkerk hou basaar! - Skryf in vir Bulletjie braai en koekversier kompetisie. Kontak Riana 016-341 2483 - *Bloedskenk is vanaf 09:30 - 14:00.*	Kerkterrein

1 BOELIEWEEK:

Al Willie en die Wenspan se gelde en bestelvorms moet voor/op 31 Julie 2019 by die registeronderwysers inbetaal word.

2 KOOR:

- Juniorkoor oefen Maandag vanaf 14:00 - 14:45.
- Seniorkoor oefen nie, want hulle tree op.
- Al die koorlede het reeds 'n briefie ontvang, indien nie, kontak Juf. Sarita.
- Eisteddfod vir beide kore vind plaas op Woensdag, 31 Julie 2019 om 14:00 in ons skoolsaal.

3 HEIDELBERG EISTEDDFOD:

- Bring asb. julle oorspronklike uitslae (geen afskrifte sal aanvaar word nie) na Juf. Lizelle (Juniors - Gr. 1-3) en by Juf. Madeleine (Seniors - Gr 4-7).
- Leerders moet hul sertifikaat, repliek en naam van gedig/liedjie/dans wys om in aanmerking te kom vir bekroningsaand. Sluitingsdatum vir sertifikate is 5 Aug 2019.

4 SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD:

Suikerbosrand se tweede afdeling wat Drama, Kuns, Vokaal en Musiek is vind die week van 15-19 September plaas. Inskrywings (R40 per inskrywing) vir dié Afdeling sluit 8 Aug 2019, gelde moet asb. by Juf. Lizelle in 'n koevert inbetaal word.
Kunsstukke moet 1 September ingehandig wees en die tema is Plastiek verswelg ons.

5 SPREEKKOOR:

- Oefening is vandag in Juf. Monica se klas tot 13:45. Almal moet daar wees.
- Eisteddfod is op Woensdag, 31 Julie 2019 om 13:00 by ons skoolsaal.

6 CONQUEROR WAENTJIE PROJEK:

- Hierdie is ons laaste GROOT fondsinsamelingsprojek vir die jaar.
- Ons vra GROOT ASSEBLIEF vir 'n groot poging van die ouers en leerders.
- Ons loot 'n Conqueror waentjie, Courage Trailer, uit ter waarde van R127 000.
- Elke leerder het 'n boekie ontvang met 10 kaartjies in teen R100 'n kaartjie.
- Trekking vind plaas by die Varkfees.
- Die leerder wat die meeste kaartjies verkoop wen R1000.
- Die gesin wat die meeste kaartjies verkoop wen die waarde van 1 jaar se skoolgeld vir 2 kinders.
- Vir elke 5de kaartjie wat verkoop word, mag leerders gewone klere aantrek en elke 10de kaartjie kry die kind 'n snoepie koopbewys by.

7 VARKFEES:

- Vanjaar vind ons Varkfees plaas op 6 en 7 September 2019 by Heidelberg Vliegveld.
- Maak seker u besoek die webblad, www.varkfees.co.za, vir die kunstenaars wat optree en die program vir die naweek.
- ***Dankie aan ons ouers wat so vinnig gereageer het op die skoftye. Meeste van die skofte is gevul. Ouers wat graag nog wil help, kan hul besonderhede deurstuur vir Vrydag - 19:00 - 21:00 en Saterdag - 13:00 - 16:00 en 16:00 - 19:00.***

8 DRAMAKLUB:

Die dramaklub se datums word aangepas a.g.v. die toetsreeks.

Kontaksessies:

31 Julie en 7 Augustus

9 LANDLOOP:

- Landloop oefening: Maandae, Dinsdae, Woensdae en Donderdae vanaf 15:00 - 16:00 by Hoër Volkskool se sportvelde.
- Vrydag, 2 Augustus 2019 word die landloop deur Shalimar Ridge aangebied in Heidelberg. Venue is nog onbekend. Inligting sal deurgegee word.

10 KRIEKET:

- **Oefentye**:

  Maandag:

  0/13A = 15:15 - 16:30 en 0/13B = 14:00 - 15:00

  0/11 A,B,C = 14:00 - 15:00

  Dinsdag:

  0/11 A, B = 14:00 - 15:00

  Donderdag:

  0/13A - 14:00 - 15:30 en 0/13B - 14:00 - 15:00

10.1 MINI-KRIEKET:

Oefening is elke Maandag en Woensdag vanaf 14:00 - 15:00 op ons velde vir Gr. 1 en 2 seuns.

11 HOKKIE:

11.1 MINI-HOKKIE:

- Oefentye is soos gereël.
- Wedstryddatums: 15 Aug, 22 Aug en 29 Aug te Arconpark.

11.2 SEUNSHOKKIE:

Seuns oefen vanaf 15:45 tot 17:00 te Hoër Volkskool se velde by die netbalbane.

11.3 DOGTERSHOKKIE:

Oefentye is:

Maandae, Dinsdae en Donderdae by Hoër Volkskool se nuwe velde bo by die netbalbane.

0/11	- oefen vanaf 14:00 tot 15:00
0/10	- oefen vanaf 15:00 tot 16:00
1stes en 2des	- oefen vanaf 14:30 tot 16:00

12 GRAAD R REGISTRASIE VIR 2020:

- Ons amptelike Graad R Opedag vir 2020 is op Vrydag, 13 September 2019 om 08:00 tot 11:00 in ons skoolsaal. Opening vir ouers en kleuters sal 08:00 wees, waarna almal saam na die Kleuterskool sal verdaag vir die res van die program.
- Ouers kan wel vanaf 1 Augustus 2019 registrasievorms by die Navraekantoor of vanaf die skool se webblad afhaal.
- Volledig voltooide registrasievorms moet voor of op 18 Oktober 2019 by die Navraekantoor ingehandig word.

13 *SKAAK:*

- Woensdag is skaakoefening by Hoër Volkskool, vir al die ligaspelers vanaf 17:00 - 18:00.
- Ligawedstryd is op 3 Augustus 2019 by Laerskool Voorwaarts. Registrasie begin reeds 07:00.

14 REVUE -FONDSINSAMELING:

- Betaal R15 by jou registeronderwyser in vir 'n heerlike "Cheesegriller" rolletjie, dan kan jy Vrydag met 'n "Funky" haarstyl saam met jou skoolklere skooltoe kom.
- Baie dankie aan elkeen wat 'n bydrae gelewer het om van die koekverkoping 'n sukses te maak. Dit word baie waardeer!
- Alle gelde vir Revue-deelname moet asb. so gou as moontlik inbetaal word.

15 SNOEPIE:

A.g.v. bogenoemde verkope, sal daar slegs snoepgoed te koop wees op Vrydag, dus geen kosverkope nie.

16 WISKUNDE OLIMPIADE:

Ingeskrewe Gr. 6 en 7 leerders skryf hul Wiskunde vraestel op 5 Augustus 2019 om 14:00 in Juf. Labuschagne se klas. Onthou om julle vraestelle te oefen.

17 WETENSKAP OLIMPIADE - GR 6:

Ingeskrewe leerders skryf Dinsdag, 6 Augustus 2019 om 14:00 in Juf. Labuschagne se klas hul Wetenskap vraestel.

18 3DE KWARTAAL TOETSREEKS:

DAG	GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
20 Aug	Wisk	Wisk		
22 Aug	Afr	Afr	Afr	Afr
23 Aug			Wisk	Wisk
29 Aug	Eng	Eng	Eng	Eng
30 Aug				EBW
2 Sept	Geografie	Geografie	Geografie	Geografie
3 Sept			Geskiedenis	Geskiedenis
5 Sept	Geskiedenis	Geskiedenis		
10 Sept	NW & Teg	NW & Teg	NW & Teg	NW
12 Sept				Teg

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF